

Hoofstuk van die dag: Jeremia 3

> *Trouelose Israel, kom terug, sê die Here. Ek sal nie langer vir julle kwaad wees nie, want Ek is getrou, sê die Here, Ek bly nie vir altyd kwaad nie. (Jer 3:12)*

Die Noordelike Ryk van Israel het nie ’n goeie

geloofsgeskiedenis gehad nie. Hulle eerste koning, Jerobeam, het twee heiligdomme in die Noordryk gebou waar goue kalwers die sentrale fokus was. Later is die Baäldiens openlik aangehang (vers 9), veral onder aanstigting van koningin Isebel (1 Kon 16:31 e.v.). Uiteindelik het hulle ’n baie duur prys betaal, toe die Assiriërs die land verower het en die mense in ballingskap weggevoer het.
En tog is daar vir hulle steeds ’n geleentheid om terug te keer na God! Dís hoe God is. Hy bly nie vir altyd kwaad nie (vers 12). Vergifnis is daar vir elkeen wat omdraai van die pad van ongeloof, selfs al het jy hóé diep geval. Jy moet egter jou skuld erken (vers 13, vgl 25), dan maak Hy jou sy eiendom (vers 14). Natuurlik mag dit nie net lippetaal wees nie, soos wat Juda gedoen het in die tyd van koning Josia se hervormings (vers 6 en 10).
Dit is die evangelie – daar is genade en vergifnis by God in Christus Jesus te vind (Rom 5:8).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026